5 Februarie 2021

WEEKLIKSE

PITKOS

RANDAGRI

PITKOS

INHOUD

Weer
- Plaaslike weervooruitsigte
- Weervooruitsigte vir Noord- en Suid-Amerika

Pariteite
- In- en uitvoerpariteite van geelmielies

Internasionale landbou
- Suid-Amerikaanse oestoestande
- Landbounuus: VSA-uitvoere

Plaaslike landbou
- In- en uitvoer van mielies
- Produsentelewerings
- Landbounuus: Oppervlakte geplant
- Landbounuus: ‘n Markoorsig oor sojabone

Wisselkoers
- Oorsig – USD/ZAR



14-dag weervooruitsig

Voortdurende reënval word oor die grootste dele van die binneland voorspel vir die komende dae. Die weerburo voorspel dat reënbuie vanaf Dinsdag begin opklaar.

VSA Droogtemonitor: Noord-Amerika

Huidige toestande in Noord-Amerika toon dat droër weer in die sentrale tot westelike streke heers en tans uitbrei na die Midde-Weste toe. Dit sal eers ‘n prys-effek hê sodra die VSA begin plant.

Die monitor verander weekliks en sal fyn dopgehou moet word. Sien die vergelyking tussen dieselfde tyd verlede jaar.

Volg gerus die blitsskakel om die *Droogtemonitor* vir Noord-Amerika dop te hou: https://droughtmonitor.unl.edu/CurrentMap.aspx

2 Februarie 2021



4 Februarie 2020



INTERNASIONALE

WEER

10-dag weervooruitsig: Suid-Amerika

Bo-normale reënval kan in Mato Grasso asook die sentrale gebiede van Brasilië verwag word – steeds voordelig vir die ontwikkeling van gewasse.
Argentinië se hoof-produserende gebiede kan wel in die komende 14 dae onder-normale reënval verwag.





RANDAGRI

WEER



RANDAGRI

INVOER- EN UITVOER-

PARITEITE



	Mar'21	Mei'21	Jul'21	Sept'21
PMB-invoerpariteit	R 4 301	R4 233	R 4 418	R 4 087
CPT-invoerpariteit	R 4 130	R 4 031	R 4 144	R 3 848
SAFEX geelmielies	R 3 403	R 3 331	R 3 283	R 3 343
DBN-uitvoerpariteit	R 3 372	R 3 331	R 3 283	R 3 275

RANDAGRI

ARGENTINIË

LANDBOU

Suid-Amerikaanse oestoestande tot en met 28 Januarie 2021

Mielies



Sojabone



Oestoestande het die afgelope week effens verswak weens swaar reënval in produserende streke.

RANDAGRI

LANDBOUNUUS

Rekord-uitvoere vir VSA vir 2020/21



Op 26 Januarie 2021 word die 18de grootste hoeveelheid mielies ooit, naamlik 1 360 000 t vir uitvoer uit die VSA geboek.

Op 28 Januarie 2021 het die USDA mielie-uitvoere van 1,7 miljoen ton na China bevestig. Totale uitvoere vir die drie opeenvolgende dae was meer as 3 miljoen ton.

Op 29 Januarie 2021 kondig die USDA ‘n addisionele 2 108 000 t uitvoere na China aan. Dit is die tweede grootste hoeveelheid sedert April 1977.

RANDAGRI

LANDBOUNUUS

Statistiek vir top-produserende lande



Bron: https://twitter.com/KevinVanTrump

PLAASLIKE UITVOERE 2020/21

LANDBOU

Witmielies

- Uitvoere week geëindig 29 Januarie: 25 940 t
- *Vorige week:* 25 604 t
- Invoere: 0 t
- Uitvoerintensies: 180 930 t
  (Volgende agt weke)

Bestemming vir meeste uitvoere:

WMAZ uitvoere:
Zimbabwe 12 992 t

Geelmielies

- Uitvoere week geëindig 29 Januarie: 10 771 t
- *Vorige week* = 10 455 t
- Invoere: 0 t
- Uitvoerintensies: 65 522 t
  (Volgende agt weke)

YMAZ uitvoere:
Zimbabwe 5 006 t

RANDAGRI

PLAASLIKE
LANDBOU

Kumulatiewe plaaslike lewerings tot en met 29 Januarie 2021



Witmielies
Week geëindig 29 Januarie: 10 071 t
Vorige week: 7 152 t
Totaal: 8 094 508 t (92,0%)

Sojabone
Week geëindig 29 Januarie: 839 t
Vorige week: 1 407 t
Totaal: 1 214 618 t (96,3%)

Geelmielies
Week geëindig 29 Januarie: 10 802 t
Vorige week: 6 661 t
Totaal: 6 067 480 t (91,6%)

Sonneblom
Week geëindig 29 Januarie: 239 t
Vorige week: 233 t
Totaal: 784 869 t (99,9%)

RANDAGRI

PLAASLIKE

LANDBOU

2021 oppervlakte geplant teenoor die afgelope sewe jaar



PLAASLIKE

LANDBOU

2021 oppervlakte geplant teenoor 2020 opbrengs

INTERESSANT

Indien die huidige oes dieselfde opbrengs lewer as in 2020 en ons die nuutste aanplantingsyfer gebruik op hektare:

Witmielies	Geelmielies	Sojabone	Sonneblom
2019/20 opbrengs: 5,36 t/ha 2020/21 oppervlakte geplant: 1 701 500 ha	2019/20 opbrengs: 6,78 t/ha 2020/21 oppervlakte geplant: 1 075 000 ha	2019/20 opbrengs: 1,77 t/ha 2020/21 oppervlakte geplant: 806 000 ha	2019/20 opbrengs: 1.57 t/ha 2020/21 Oppervlakte geplant: 473 300
Produksie: 9,12 miljoen ton	Produksie: 7,29 miljoen ton	Produksie: 1,43 miljoen ton	Produksie: 743 496 ton

RANDAGRI

PLAASLIKE
LANDBOU

Markoorsig: Sojabone

SOJABOONBALANSSTAAT		
	2019/20	2020/21
Aanbod	1 646 518	1 469 955
Vraag	1 508 063	1 376 100
Eindvoorraad	138 455	93 855
Hoeveel dae se voorraad?	34	25

Volgend die mees onlangse SASDE-verslag (Suid-Afrikaanse vraag- en aanbodsyfers) kan die plaaslike mark binnekort 'n tekort aan oliesade beleef. Die kommoditeit het in die afgelope paar weke heelwat sterker verhandel, wat `n positiewe sentiment vir die prys van oliesade in 2020/21 voorspel.

SAFEX-pryse vir sojabone vir Februarie het vroeër die week `n invers van ongeveer R1 200 teenoor Maart gehad. Die verskil tussen Januarie en Februarie was ook ongeveer R1 000 en dit het nie genoeg voorraad mark toe gebring nie.
Lees meer by: http://www.namc.co.za/wp-content/uploads/2021/01/NAMC-SASDE-Jan-report21.pdf

WISSELKOERS

R/$

Die Suid-Afrikaanse rand het in die eerste week van Februarie 2021 heelwat teenoor die VSA dollar versterk. Dit volg nadat Suid-Afrika die eerste COVID-19-inentings ontvang het, wat markspelers ‘n groter aptyt vir ontluikende markte gegee het.

President Cyril Ramaphosa het Maandagaand die inperkings in Suid-Afrika verlig, wat ook bygedra het tot ‘n sterker rand later in die week.

Analiste verwag ‘n verdere versterking tot rondom die R14,73 vlak in die komende weke.

* https://www.dailyforex.com/forex-technical-analysis/2021/02/usdzar-volatility-signals-possible-bearish-resumption/157687

Huidige weerstand: 15,02
Huidige ondersteuning: 14,88
Hoogste verwagting: 15,14
Laagste verwagting: 14,74

RANDAGRI

‘n Oorsig oor die internasionale en plaaslike sojaboon-situasie:

- Die huidige plaaslike en internasionale sojaboon-situasie moet op ‘n gereelde basis fyn dopgehou word deur produsente en vervaardigers. Die mark is baie onbestendig.
- Internasionale sojabone geniet nog steeds ‘n optimistiese (“bullish”) sentiment.
- Die styging in internasionale sojapryse kan toegeskryf word aan die toename in vraag deur die grootste koper in die wêreld, naamlik China.
- Die Chinese varkindustrie is ‘n honger industrie wat tans herstel na die varkgriepplaag. Die vraag na veevoer sal toeneem na gelang die varkkudde groei, en tensy die varkgriepplaag weer opduik, sal die vraag na soja-oliekoek ook toeneem.
- Nog ‘n faktor wat bydra tot die styging in pryse, is die huidige weerstoestande in die VSA. Dit is droër as gewoontlik in die somergewasgebiede, wat die uitsig op ruim winste beperk.
- Laer voorraadvlakke veroorsaak dat die prys vir naby-maande hoër is as die ver maande, wat normaalweg tot ‘n prysverhoging in die lang termyn lei.
- Ter opsomming is Rand Agri van mening dat internasionale pryse verder kan styg.
- Die plaaslike sojaboonmark is in lyn met die internasionale sentiment. In Suid-Afrika is aanplantingskondisies en pryse gunstig vir sojaboon-produsente vir die 2020/2021-seisoen.
- Produsente was ywerig en het 806 000 ha geplant teen einde 2020.
- Die weerstoestande is gunstig en op hierdie stadium het die meeste sojaboon in die veld baie goeie opbrengspotensiaal.
- Die vraag na soja-oliekoek, wat hoofsaaklik in Suid-Afrika in die hoender-veevoerbedryf gebruik word, was baie hoog gedurende die inperkingstydperk in 2020.
- Sojapersers en -vervaardigers se potensiële opbrengs lyk goed en hulle sal waarskynlik deurgaans deur 2021 teen volle kapasiteit pers.
- Plaaslike vraag en aanbod is tans in ewewig, en kan enige kant toe beweeg as ‘n skipvrag sojaboon in- of uitgevoer word.
- Ter opsomming, ons het die wêreldvraag na soja in ag geneem en plaaslike sojapryse sal tien teen een die internasionale pryse volg en ook in die lang termyn hoër wees.
- Die wisselkoers speel ‘n rol in die plaaslike mark en sal fyn dopgehou word.
- Ons is van mening dat boere ongeveer 20-30% van hulle oesopbrengs teen die huidige prys kan vasmaak.

Oorsig saamgestel deur: Johan Gouws – Rand Agri Oliesaadhandelaar.

RAND AGRI

Handelaarsoorsig

OPSOMMING

- Die VSA bereik rekord daaglikse uitvoervlakke.
- RSA: Meer mielies en sojabone geplant in 2021.
- Sonneblomaanplantings die laagste in 10 jaar.
- Die Suid-Afrikaanse geldeenheid vertoon sterker teenoor die VSA dollar weens optimisme in ontluikende market.

RANDAGRI

RANDAGRI

SAFEGUARDING FOOD PROSPERITY

Rand Agri, a bulk grain and supply chain trader, safeguards food prosperity in Southern Africa by connecting farmers and processors. Our services reach across the grain supply chain. It includes:

- Trading grain crops such as soybean, wheat, sunflower, GMO/non-GMO white and yellow maize, sorghum and sugarbeans.
- Logistics including sourcing, storage, export and delivery of grains and agricultural lime directly to customers.
- Milling, processing and selling of white and yellow maize meal, yellow maize grits, starch and super fine maize meal.
- Process and supply animal feed by-products such as hominy chop, wheat bran, molasses, as well as soybean, cotton and sunflower oilcakes.
- Price and risk management by our experienced traders.

Rand Agri - the vital connection between farm and plate

Contact us today for your grain trading and supply chain needs.
+27 (0)13 243 1166 I info@randagri.co.za I www.randagri.co.za

KONTAK ONS

RANDAGRI

Tel: +27 (0) 13 243 1166
E-pos: info@randagri.co.za
Web: www.randagri.co.za
Adres: 24 Samora Machel Straat,
Middelburg, Mpumalanga